**Publication:** Volksblad-Daily - Main
**Title:** LANDBOU-KONFERENSIE Hoop, aksie ‚gaan saam`
**Publish date:** 21 Feb 2024
**Page:** 5

**Reach:** 13906
**AVE:**R 12076.04
**Author:** Linkie Bessinger

LANDBOU-KONFERENSIE

# Hoop, aksie ‘gaan saam’

## Platteland só gered

**Linkie Bessinger**

Suid-Afrika se “helde van geloof” – mense wat deur burgerlike projekte inspring om uitkoms en hoop te skep – red die platteland dorp ná dorp en projek ná projek.

Dit blyk uit *Landbouweekblad* en Senwes se konferensie met die tema “Oplossings vir Suid-Afrika se platteland” wat op Nampopark in Bothaville aangebied word.

Die konferensie, wat gister begin het, word tot vandag gehou en 77 verteenwoordigers van projekte op plattelandse dorpe lewer getuienisse van en planne vir hoop vir ’n volhoubare en suksesvolle landboubedryf in die land.

Francois Strydom, uitvoerende hoof van Senwes, het in sy bekendstelling benadruk wanneer iemand voel hulle is op hul laaste en heeltemal verlore, is hulle juis die naaste aan ’n oplossing en deurbraak.

Op die konferensie getuig sprekers wat al op daardie laagtepunt was wat die resultaat van hul uithouvermoë en waagmoed is.

“Hoop en aksie is twee onstuitbare kragte – die een kan ook nie sonder die ander nie. Dis iets wat Suid-Afrikaners goed weet,” som Strydom die hartklop van die planne op.

Volgens hom is die land se mense “geneties anders saamgestel” en daarom kan hulle suksesstories vertel.

Jannie de Villiers, oud- uitvoerende hoof van Graan SA, noem hierdie voorvatters “ ’n handjievol helde van geloof”.

“Landbou kan ons land genees. Almal hier is helde van geloof en getuig van hoekom hierdie stelling waar is. Ons kan nooit op ’n plek kom waar ons die gesindheid aanneem dat ons niks doen omdat ons bang was nie. Ons weet geloof is om seker te wees van die dinge wat ons hoop en droom en oortuig te wees van dit wat ons nie sien nie.”




**Belanghebbendes in die landboubedryf trek vanjaar op Nampopark in Bothaville saam om oplossings vir Suid-Afrika se platteland te bespreek. Hier praat Francois Strydom, hoof van Senwes.** Foto’s: MLUNGISI LOUW

**BP Greyling op die konferensie met die tema “Oplossings vir Suid-Afrika se platteland” in Bothaville.**

Gesondheidswerkers van die Cloete-Joubert-hospitaal in Barkly-Oos in die Oos-Kaap het vertel hoe ’n gemeenskap saamstaan om verskillende rolle te vervul om suksesvolle mediese sorg in ’n afgeleë landbougebied moontlik te maak.

Nokonwaba Yekani-Mati, uitvoerende hoof van die hospitaal, sê elke familie en persoon in die gebied speel ’n rol om ’n verskil te maak.

Volgens dr. Christina de Villiers, wat al langer as 30 jaar in Barkly-Oos praktiseer, is daar baie traumagevalle en motorongelukke in die gebied.

Hulle het plaaslike mense laat oplei en aangestel.

“Hier help ons ons mense en onsself daardeur,” sê sy.

Weens die gebrek aan hulpbronne in die staatshospitaal sê Yekani-Mati hulle is genoop om innoverend te dink.

“Ons het nie beskermende kleredrag gehad om te dra tydens noodgevalle nie en moes toe van plastieksakkies wat in asblikke gesit word ’n patent ontwerp om oor ons klere aan te trek.

“In die afwesigheid van niks word die slegste dinge die beste dinge. Hier pas ons aan deur saam te werk.”

Neil de Klerk, uitvoerende hoof van bemarking en kommunikasie van die VBK-groep (waaronder NTK en GWK), het gepraat oor die modelle wat hulle saam met boere ontwikkel het om met die ontwikkeling van voorskoolse leerlinge te help. Met hul uitreikprojekte fokus hulle veral op leerlinge se ontwikkeling wat weens moeilike lewensomstandighede ontwikkelingsfases misgeloop het.

“Ons voorskoolse kinders is môre se leiers. Jy verbeter die wêreld deur die goeie goed in mense se lewe beter te maak. Dit gaan oor die mense.”

> **“Landbou kan ons land genees. Almal hier is helde van geloof en getuig van hoekom hierdie stelling waar is. Ons kan nooit op ’n plek kom waar ons die gesindheid aanneem dat ons niks doen omdat ons bang was nie.**

Op Wakkerstroom in Mpumalanga het die Langfontein Boerdery van BP Greyling in samewerking met Vodacom vir al die inwoners van die dorp, wat nie reeds een gehad het nie, ’n slimfoon gegee. Dis in ’n poging om die mense se kommunikasie met mekaar te bevorder en veiligheid te verskerp.

Greyling sê hulle het by die boerdery ervaar dat mense sukkel om te kommunikeer en dat daar swak sein is.

Hy het met Werner Swanepoel, streeksbestuurder van Vodacom in Mpumalanga, saamgewerk wat toe gehelp het om die hele streek van 3G-sein te voorsien.

In die een geval het hulle ’n 70-jarige man wat ’n baie ou selfoon gehad het, gehelp om sy kleinkinders die eerste keer en in kleur tydens ’n video-oproep te ontmoet.

Die gemeenskapslede en die polisie kommunikeer wanneer daar moeilikheid is of ’n ambulans gebel moet word.

In ’n meer onlangse geval is daar sowat ’n week gelede sowat R450 000 in pensioengeld uit die dorp se poskantoor gesteel.

“Iemand uit die gemeenskap het my gebel met een van die selfone wat ons vir hulle gegee het en binne ’n uur kon ons vier diewe aankeer en met die misdaad verbind. Hulle is in hegtenis geneem,” sê Greyling.

“As mense mekaar ondersteun, sal daar ’n verspreiding van kennis en opheffing wees.”



www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.